



Reeks: Groeiende Vryheid Van

Titel: ... gejaagdheid

Prediker: Johan Geysler

Datum: 5 May 2013

daniellestraat, fairland 2030
posbus 1656, fairland 2030
t: 011 268 4700
f: 011 268 4800
info@mosaïek.com
www.mosaïek.com

Ons begin vanoggend met 'n toets wat onder andere 'n aanduiding is na jou effektiwiteit. Tien vrae. Gee vir jouself 'n punt op elke vraag as jy ja kan antwoord daarop. As jy inkopies doen, maak jy seker dat jy die vinnige ry vat? Jy hou jou oog op die plek waar jy sou gewees het as jy die ander ry gevat het. Jy doen dieselfde tipe ding in die verkeer. As jy nader kom by 'n verkeerslig kyk jy gou of jy bane moet verwissel sodat jy in die vinnige baan is? Vragmotors, taxi's, ou tannies word vermy en jy sak eerder 'n paar plekke terug want jy weet jy gaan nou verby kan gaan.

Jy is geneig om 'n nuwe boek te begin lees voordat jy klaar is met die boek waarmee jy besig is. Jy is dikwels bekommerd dat jy nie jou projekte en dit waarmee jy besig is betyds gaan klaarkry nie. Jy hou van multi-tasking. Jy voel dikwels skuldig dat jy nie by goed uitkom waarby jy baie graag sal wil uitkom nie. Jy voel somtyds gestres en... omdat jy voel ek het nie genoeg tyd nie. Jy is... dikwels sukkel jy met besluitneming omdat jy soveel dinge het, en opsies, en dinge wat jy moet doen, dat jy nie weet watter een ek nou aandag aan moet skenk nie. En dan is jy geneig om, wanneer jy 'n nuwe produk ontvang, nie die aanwysings deur te gaan nie, maar dit dadelik te begin gebruik.

Goed, is daar enige iemand hier wat minder as vyf punte, vyf of minder punte gekry het? Hier is 'n paar. U moet hulle dophou. Jy het so 'n vriend nodig. As jy goed gedoen het met hierdie toets het jy nie goed gedoen nie. Hoe hoër jou telling was hoe groter is jou probleem. En ek voel ek het slegte nuus vir die meeste van julle vanmôre. Julle is siek. Julle het 'n groot probleem, en ek is... ek het soveel vrymoedigheid, want Wilma is nie nou hier nie. Sy het vir my gesê, gaan jy hieroor praat? Jy? Ek het ook 'n baie goeie telling, wat beteken dat dit nie goed gaan nie.

Jy het 'n siekte wat genoem word gejaagdheid, in Engels, hurry sickness. Dis iets wat eie aan ons tyd is, eintlik, volgens groot kenners, epidemies van aard



mosaïek

daniellestraat, fairland 2030

posbus 1656, fairland 2030

t: 011 268 4700

f: 011 268 4800

info@mosaïek.com

www.mosaïek.com

is, iets wat totaal onderskat word. En hierdie probleem is groter as nog ooit in die geskiedenis van die mens. Dit is nie net jou persoonlikheid of jou manier van grootword wat hierdie effek op jou het dat jy met gejaagdheid sit nie. Dit het ook te doen wat met... besig is om in ons wêreld te gebeur.

As ek jou 'n grafiek kan wys van byvoorbeeld die informasie groei in die afgelope eeu lyk die kurwe so. Weet jy, as jy die afgelope 40 jaar op hierdie aarde is het jy die grootste ontploffing in informasie meegemaak in die geskiedenis van die ganse mensdom. In die afgelope 40 jaar het ons meer kennis bymekaargemaak as wat ons gehad het tot op hierdie stadium. Maar hierdie kurwe, het ek ontdek, het nie net met informasie te doen nie, maar dit het ook met ander faktore, soos byvoorbeeld kompleksiteit. Die kurwe vir kompleksiteit lyk presies dieselfde, ook vir verandering, ook vir ons tegnologiese ontwikkeling.

Kan jy dink wat die tegnologie aan kommunikasie, aan besigheid, aan vervoer, aan produksie, gebring het? Geweldig veranderinge. Ook aan lewensontkoste. Egskeidings se kurwe lyk dieselfde. Advertensies se toename lyk dieselfde. Wêreldpopulasie, lewensverwagting, lyk dieselfde. En ook die kurwe aan nuwe siektes, psigosomatiese siektes, siektetoestande wat veral veroorsaak word deur ons innerlike funksionering, ons stres en ander goed waarmee ons innerlik mee ongaan, wat dan omsit in 'n fisiese siektetoestand waarmee ons leef.

Al hierdie kurwes toon en dui daarop dat die wêreld waarin ons vandag leef dramaties verander. Die pas van verandering is so vinnig en so groot dat 'n groot skrywer, 'n futuris, dit future shock noem, dat ons is eintlik geskok met die aanpassing en die tempo waarmee ons moet aanpas. Alles het toegeneem. Die tempo van die lewe het toegeneem. Sosiale verhoudings, kan jy dink, net met kommunikasie, met die toegang tot enige persoon, enige tyd, enige oomblik, het 'n groot verandering in ons hele bestaan meegebring.

Saam met dit, 'n groot, heersende filosofie in die wêreld, en veral twee goed van hierdie filosofie. Die een is: meer is beter. Meer is beter. Elke advertensie sê vir jou as jy hierdie produk het gaan jou lewe beter wees. En daarom sit ons met 'n verbruikersgeoriënteerde samelewing en 'n ingesteldheid. Ons dink regtig dat ons kwaliteit lê in meer, meer goed, maar

Page 2 of 13



mosaïek

daniellestraat, fairland 2030

posbus 1656, fairland 2030

t: 011 268 4700

f: 011 268 4800

info@mosaïek.com

www.mosaïek.com

meer ervarings ook. Ons wil meer ervaring hê, want dan sal my lewe ryker, dieper, en voller wees.

Saam met dit is daar ook 'n geloof dat ledigheid die duiwel se oorkussing is. Benjamin Franklin het gesê daar is nie 'n groter sonde as om tyd te mors nie en niks te doen nie. Dis die grootste sonde wat jy kan doen. Jy gooi jou lewe weg as jy dit doen. Jy moet iets doen. Jy moet produktief wees. En nou sit ons in 'n wêreld waar jy skielik die geleentheid het. Jy weet, ons het die internet. Ons het... as tyd geld is en ek kan op die internet geld maak beteken dit ek kan 24 uur 'n dag werk. Niks weerhou my nie. Niks keer my nie. Die geleentheid na stimulasie, na ontspanning, wat daar ookal is, dis altyd daar.

Al hierdie faktore het daartoe bygedra dat daar 'n versnelling plaasgevind het, dat ons gejaagd is, dat ons haastig is en dat ons die heelyd besig is. Nou, wat is so verkeerd daarmee? Daar is baie wat gesê kan word daarvoor. Ek wil miskien net 'n paar interessante maar belangrike effekte uitlig. Die eerste plek is ons belewenis van tyd. Ons belewenis van tyd het totaal verander. Ons sit met 'n belewenis wat nog nooit voorheen in die wêreld bestaan het nie. Tyd was altyd paradoksaal van aard. Dit beteken die oomblik wat jy in 'n tyd beleef is anders, is die teenoorgestelde wat jou herinnering is van daardie belewenis.

Ek verduidelik dit so: as jy in die flow gaan, jy doen iets wat geweldig aangenaam is, wat gebeur met jou? Jy word opgeneem, en dan kyk jy, en dan sê jy, ek kan nie glo nie, daar is al drie ure verby. Kyk net wat het met... die tyd was so kort, dit was so vinnig. Aan die einde van die dag is jou herinnering aan daardie dag, dit was lank. Daar het soveel gebeur vandag. Daar het soveel plaasgevind. Kyk, die teenoorgestelde... kan jy sien, die paradoks? Dis 'n kort / lang belewenis van tyd?

Dit draai ook anderster om. As jy 'n lang belewenis het; jy kry 'n pap wiel. Jou spaarwiel werk nie. Jy moet bel. Jy moet wag vir die mense. Jou oggend is daarmee heen. Die tyd gaan stadig verby. Ek kan nie glo nie, daardie ou is nou nog nie hier nie. Dis vyf minute later maar hy is nog nie hier nie. Jy beleef die tyd as geweldig lank. Jou herinnering van die dag sal wees niks het gebeur nie. Dis 'n kort... dis verby en daar het eintlik niks gebeur vandag nie. Dis 'n paradoks. Vandag beleef ons tyd as kort / kort, baie van ons, kort / kort.

Page **3** of **13**

Jy... gaan bietjie op die internet. Dis net so en 'n uur is verby, maar is jou herinnering dieselfde as 'n kort belewenis van tyd? Joe, dit was fantasties, daardie twee nuwe sites wat ek ontdek het. Ek sal dit nooit vergeet nie, huh? Jy... dit maak nie... jou belewenis is dit was kort, so dis kort / kort. Ons gaan van die gym na die werk na die dit, en die probleem met 'n belewenis van 'n kort / kort is ek mors my lewe. Daar is niks betekenisvol aan my lewe aan die gang nie, my lewe is leeg, so jy sit met 'n diepe onvervuldheid.

Dit lei natuurlik daartoe dat ons dikwels dink, wel, dis die mense om my wat boring is, dis die plek waar ek bly wat boring is, en dis wat ek doen wat boring is. En jy... dikwels konnekteer ons dit nie met 'n wyse van lewe nie. Ons het 'n onvervuldheid deur die gejaagdheid waarmee ons sit. Dit bring 'n diskonneksie met plekke en met dinge, 'n diskonneksie, omdat die beweging, omdat jy opgeneem is hier in jou wêreld. Jy weet, 'n plek, in die verlede, jy het 'n geskiedenis wat jy opbou met 'n plek. Daar is memories, daar is ervaringe. Jy bind aan die plek. 'n Deel van jou identiteit lê in daardie plek. 'n Plek het vir jou siel en, jy weet, met die goed in daardie plek. Dit gaan verlore.

Ek onthou, toe ek 'n student was het ek en Theo saamgebly, my boetie, en ons het 'n yskas gehad. Sy het rondgeloop in die nag. Sy het op 'n oomblik 'n aanvalletjie begin kry en dan het sy hard begin brrr, en dan begin sy so te beweeg, en dan loop sy. Ons moet haar vaspak in die hoek, want sy loop. En nog 'n ding met haar, sy het begin lek en begin roes. Ons het verf persent gekry by 'n vriend, pienk verf, en toe verf ons haar pienk en ons noem haar the Pink Panther. Ons het gebind met daardie yskas. Ons het haar geken. Ons het haar kwale geken. Ek het geweet waar om haar te skop, wat om te doen as sy te lank te... die vibrasie te hoog raak. Dan gaan jy agter in en dan skop jy net daardie enjin, daardie ding wat daarso is, dan raak sy stil vir 'n ruk.

Jy weet, 'n ou het... toe ek nou moes trou toe kyk Wilma so na die yskas en sy sê, no way. Ek sê vir haar, maar dis die Pink Panther. Sy het nie verstaan nie. Jy weet, vandag, ons het nie meer daardie verbondenheid nie. 'n Rukkie terug breek my yskas. Ek kry 'n ou uit. Dit kos amper dieselfde as wat 'n nuwe yskas kos om die yskas reg te maak. Ek koop eerder 'n nuwe yskas. Ons bind nie meer met goed nie. Ons bind nie meer... ek het... lank terug het



mosaïek

daniellestraat, fairland 2030

posbus 1656, fairland 2030

t: 011 268 4700

f: 011 268 4800

info@mosaïek.com

www.mosaïek.com

ek 'n doktorsgraad gelees van 'n ou oor die lappop. Waaroor ouens nie sal doktorsgrade... enige ding doen vir 'n doktorsgraad, nê.

Maar dit was 'n interessante teorie wat hy ontwikkel het dat ons in 'n weggooi omgewing en society leef, en dat die lappop 'n simbool geword het van... 'n lappop was gemaak. Jy het daardie poppie die... jou hele lewe deur, en as jy oud word het jy daardie pop en jy gee hom weer vir jou kind. Vandag is daar geen geskenk wat dit maak oor 'n paar maande nie, want ons leef in 'n ander wêreld, 'n ander tyd, so daar is 'n diskonneksie met die omgewing wat kom, met dinge, met dinge in die wêreld. Ons druk onself verby ons limiet.

Dink u hoenders is gesonder, het 'n beter kwaliteit lewe en 'n langer lewe omdat hulle nou dubbel soveel eiers kan lê omdat ons dit lig aansit en die hoender is geconfuse en hy weet nie is dit nou dag of is dit nou nag, en hy lê nog sommer ekstra eiers nie? Nee, dit gaan nie beter met hulle nie. Dit gaan ook nie beter met ons nie. Ons druk ons... dis hoekom burnout... en burnout is 'n... dikwels 'n fisiese, psigiese ervaring waarin al die energie en die lewenslus uit jou uit verdwyn. Jy sit met dit.

Maar daar is nog 'n baie, baie groot ding wat gebeur. Ons fokus op sekere goed in hierdie wêreld. Kyk, vooruitgaan, en omdat die lewe lê vir ons in dinge en ervarings, is kennis en wat ons doen en wat ons kry, die fisiese en die intellektuele domain van ons lewens word die fokus van ons lewens en ontwikkeling. Dis waaraan groei gemeet word. Dis ook meetbare goed, nê. Die ander dimensies, jou emosionele, jou sosiale en jou geestelike is onbeduidend, maar hulle kry ook nie aandag nie. Hulle het nie fokus nie. Ons fokus op dit. Ons fokus op dit, nê. Dis waar die lewe lê. Dis waar die oplossing van al ons probleme lê.

Wat sê die politici vandag, wat is nodig in hierdie land? Opvoeding en werksverskaffing, huh. Dis die grootste probleem wat ons het vandag. As ons dit doen los ons 90% van die probleem op. Dis ook wat ons dink van ons lewens. Dit is waar ons oplossing lê. Maar waar lê ons pyn? In verhoudings. Emosioneel, geestelik. Dis waaroor Jesus se lering primêr gegaan het. Dis waarop Hy gefokus het. En ons skuif ons fokus na dit toe. Jy weet, en dit kan

Page 5 of 13



mosaïek

jy nie in 'n gejaagde lewe hanteer nie. Jy kan byvoorbeeld nie... as jy moet afskeid neem, jy ly verlies.

Jy kan nie soos die boeke en die do it yourself rak vir jou sê hanteer jou emosies. Jy kan nie sommer net daardie emosie van pyn vat, nou hanteer ek hom nie. Nee, wat daardie boekie jou leer is om dit te ignoreer, te begrawe, en aan te gaan. Hardloop maar net weer dan voel jy dit nie meer nie, dan kom jy nie by dit uit nie. Maar dis nie 'n manier om te leef nie. Dit bring 'n diskonneksie. Jy het verwerking. Daar is prosessering van emosies wat moet plaasvind binne in jou. Jy moet sit met die goed, jy moet dit voel. Jy moet dink oor die goed. Jy moet praat oor die goed. Daardie goed vra tyd, en jy is nie op daardie... in daardie sin in beheer daarvan dat jy die proses kan aanwakker nie.

En dieselfde met verhoudings. Ek meen, ek het dit 'n paar keer probeer in die opvoeding saam met Remon, het ek vir Remon gesê, okay, ek het nou 'n uur vir jou. Remon, maar ek het net 'n uur. Dis kwaliteit tyd nou. Nou moet jy oopmaak. Pal, nou gaan ons diep connect. Ons het nou 'n lekker uurtjie hier so saam. Wat doen hy? O, ons connect so diep. Hy maak oop. Nee, net in my drome. Dit gebeur nooit. Jy moet 'n sekere kwaliteit tyd spandeer... kwantiteit, voordat jy kwaliteit tyd kan beleef, so verhoudings werk... jou siel gaan te voed.

En verhoudings vat tyd. En dis hierdie goed wat skade ly in 'n gejaagde lewe. Daar is 'n diskonneksie. Daar is nooit integrasie en prosessering van 'n klomp goed wat in jou plaasvind nie. En dit gaan... en jy gaan aan. Jy is disconnected met jouself. Dan kan jy nie diep connect met ander mense nie. Jy kan nie. Ons is disconnected van mekaar. Ons is disconnected van die Here. Dis die groot ding. Dis die groot ding. Dis wat Jesus ook geleer het en oor gewaarsku het. Hy sê Ek nooi julle uit na 'n feesmaal toe. Ek nooi julle uit om in die Koninkryk te kom leef.

Die ouens is excited. Wow, die Koning nooi my uit. Die Koning is 'n fantastiese Koning. Jis, dis net jammer ek kan nie nou gaan nie. Ek het 'n os gekoop. Ek het 'n stuk grond gekoop, vertel Jesus. Hulle maak verskonings. Ek het 'n lewe. Ek het... die lewe roep my. Ek het 'n klomp goed om te doen, maar as ek... sodra ek klaar is met hierdie goed dan gaan ek tyd hê vir U,

Page 6 of 13



mosaïek

daniellestraat, fairland 2030

posbus 1656, fairland 2030

t: 011 268 4700

f: 011 268 4800

info@mosaïek.com

www.mosaïek.com

Here, dan gaan ek by U uitkom, en dan gaan ons 'n verhouding bou, en dan gaan ons diep wees. Maar terwyl ek nou hardloop, one minute spirituality. Ek... net 'n vinnige woordjie by die Here, 'n vinnige gebedjie by die Here, jy weet, alles help dat die Here my kan help dat ek hierdie goed kan doen.

Die gelykenis van die saaiër: daar is saad wat geval word en dit val tussen die dorings en die dissels, en dit verdring die saad. Watter saad is dit? Dis mense wat die Woord met blydschap aanneem. Dis mense wat sê dit is fantasties. Ek wil en ek gaan dit doen, maar die sorg van die lewe en die verleiding van die rykdom, ek word weer opgeneem met die goed van die lewe. Ek het nie tyd nie. Ek dink dis dalk net ons grootste uitdaging en probleem waarmee ons leef. Moenie gejaagdheid onderskat nie. Moenie aan vrees en baie van die ander goed waaroor ons gepraat het dink as die groot... dis dalk nie die grootste nie. Dis dalk hierdie onbeduidende, gewone, waarvoor ons blind geraak het fenomeen wat die grootste gevaar inhou vir jou lewe: gejaagdheid.

In die eerste eeu lyk dit asof die strategie van die Satan was om die kerk te vervolg, om die kerk dood te maak. Maak die gelowiges dood. Hulle gaan gou bang word. Niemand gaan meer 'n Christen wil wees nie. Dit het presies die teenoorgestelde effek gehad. Vandag lyk dit eerder asof die taktiek van die duivel is laat hulle net hardloop. Laat hulle net gejaagd wees. Almal wil 'n verhouding met die Here hê. Almal dink Jesus is wonderlik. Dis net jammer ons het nie tyd nie. Ons kan nie geestelik groei nie want ons is te besig. Ons is te opgeneem.

'n Baie bekende vriend van my, 'n diep vriend, iemand wat ek goed ken, is... vind dat hy watertrap, en hy kry 'n groot geestelike guru om 'n week saam met hom te kom leef, en hy sê vir hom, gee vir my jou terugvoer. Aan die einde van die week sê die persoon vir hom, ruthlessly eliminate hurry from your life. Ruthlessly eliminate hurry from your life. Jung het gesê, hurry is not of the devil; hurry is the devil. Hurry is the devil. Nou, wat doen ek met dit? Wat doen ek met dit?

Dawid, 'n paar duisend jaar gelede, is koning, seker besig in die tyd waarin hy geleef het, sê jy moet leer om stil te raak binnekant. Leer om rustig te raak. Leer om die gejaagdheid te laat gaan. Learn to cultivate a quiet heart in jou
Page 7 of 13



mosaïek

daniellestraat, fairland 2030

posbus 1658, fairland 2030

t: 011 268 4700

f011 268 4800

info@mosaïek.com

www.mosaïek.com

binneste. Dis iets wat nie oornag kom nie. Dis iets wat jy moet leer. Sy grootste raad was nie verander die wêreld en gaan teen die ontwikkeling wat plaasvind nie. Dis deel van die menslike gees om te bly ontwikkel en vorentoe te gaan, om te ontdek en te kan skep. Saam met dit het daar fantastiese, wonderlike dinge plaasgevind.

In 'n BBC dokumentêr wat ek hierdie week gekyk het, The World is Getting Smaller, wat op die oomblik om BBC K vertoon word, toon die wonder van die menslike intelligensie en die gees wat nie wil opgee nie, wat wil vlieg, wat wil vooruitgaan, wat dit skep, wat dit vir hierdie wêreld gebring het, en beteken saam met dit gaan dit saam met 'n groot prys gepaard as ons nie bewus is van wat hierdie ontwikkeling teweegbring nie. Leer om dit te doen.

Drie goed wat ons kan leer. In die eerste plek, onttrek. Dawid vat tyd om 'n Psalm te skryf. Hy breek die normale gaan van sy lewe. Dis wat Jesus dikwels gedoen het. En dit is wat Jesus sy dissipels geleer het en vir hulle gesê het, as julle My soort lewe wil leef, as julle my dissipels wil wees, find a quiet, secluded place and just be there, as simply and as honestly as you can manage, and the focus will shift. Iets sal met jou gebeur as jy daar is. Hy het hulle geleer om dit daagliks te doen. Hy het hulle geleer om op 'n weeklikse basis... meer as wat jy elke dag is daar 'n tyd in die week wat jy ekstra tyd moet insit en spandeer aan dit.

En dan het Hy hulle geleer om ook jaarliks jou... diep in te gaan in 'n langer periode, om jou te onttrek en eenkant te kom. Dit was gebasseer op die partoon waarop die Here 'n klomp slawe wat Hy uitgelei het uit Egipteland uit ook geleer, dieselfde tipe ding, elke dag, elke week, elke jaar. Ontwikkel 'n ritme in jou lewe. Onttrek jouself. En dit beteken dat jy jouself sal afsny van alle stimulasie. En vir ons beteken dit veral sal afsny van tegnologiese stimulasie: selfone, die internet, rekenaar, die televisie. Daar is 'n periode wat jy moet afsny van alles af.

Jy weet, nou, as jy jouself indink dat dit belangrik was vir Jesus om dit te doen in die tyd waarin Jesus geleef het, dink jouself... dit was 'n heel ander wêreld. Dit was nie so gejaagd soos wat ons vandag is nie. Kyk, hier is... hier is een van die goed wat ons moet doen met die Skrif. Ons moet die Skrif interpreteer. Die Skrif was geskryf vir sekere mense in 'n sekere situasie met

Page **8** of **13**



mosaïek

daniellestraat, fairland 2030

posbus 1658, fairland 2030

t: 011 268 4700

f: 011 268 4800

info@mosaïek.com

www.mosaïek.com

'n sekere doelwit. Wat dit vir hulle... hier is die punt: as dit belangrik was vir Jesus in daardie tyd wat Hy van Betanië af die dag tempel toe wil gaan, dit vir hom 'n uur en 'n half, twee ure vat om soontoe te loop, waarin Hy lekker kan gesels, kan kuier, kan dink, daardie goed kan plaasvind wat nie vandag meer op die manier waarop ons lewe natuurlik plaasvind nie, hoeveel te meer is dit nie belangrik vir ons vandag in die tyd waarin ons leef nie?

So die vraag is: doen jy dit? Doen jy dit? En as jy dit nie doen nie, hoekom nie? Hoekom is dit vir jou moeilik om dit te kan doen? Nou, dis nie die eerste... dis die eerste ding wat jy moet doen. Die tweede ding wat dan... wat ons leer uit Psalm 131 uit is dat Dawid na die wortels toe gaan, na die innerlike redes van sy geraas. Dit loop dalk soos 'n tregtier. Ons gly dalk af na 'n plek van stilte toe deur eers met solitude te doen te kry. Dit is die uiterlike afsny. Dis die onttrek, dis die afsondering. Dan gaan ons te doen kry met innerlike geraas as ek my onttrek, en dit is waar die innerlike reis begin en innerlike werk begin, hier binnekant, om binnekant stil te raak en uiteindelik by 'n plek te kom van stillness.

En dit is wat Dawid ons leer. Hy sê, ek het gegaan en ek het in die eerste plek agtergekom wat my so gejaagd maak. I'm trying to rule the roost: my beheer behoeftes. I'm trying to be king of the mountain. Ek het hierdie behoefte aan aansien, dat almal moet dink, jis, hy is great. En dan, I've got these grandiose plans. Ek het hierdie groot drome en planne wat ek gaan bereik, wat ek gaan doen, wat ek gaan kry daardeur, en dit is die wortels waarvan ek bewus geraak het.

Ou Vader Thomas Keating, hy is nou amper 90 jaar oud, het jare terug met 'n teorie begin... ontwikkel, na jare se studie en met mense 'n pad te stap oor hulle innerlike wêreld, waarin hy sê dat ons met drie groot kragte in ons lewe te doen kry: possessions, power and popularity. Dis die goed wat Dawid nou noem, nê. Hy sê, kyk, as jy gebore word dan vind jy dadelik uit ek het goed nodig om te lewe. Ek het kos nodig. Ek het warmte nodig. Daardie lysie van behoeftes groei natuurlik. Jou begeertes word lateraan jou behoeftes. Jy dink lateraan jy het dit nodig, maar... ek het goed nodig.

Maar dan vind jy ek gaan dit nie self kry nie. Ek het mense nodig. En wat daardie mense van my dink is baie belangrik, want as hulle nie great van my Page **9 of 13**



mosaïek

daniellestraat, fairland 2030

posbus 1658, fairland 2030

t: 011 268 4700

f: 011 268 4800

info@mosaïek.com

www.mosaïek.com

dink nie gaan hulle dit nie vir my gee nie, so ek moet daardie mense beïnvloed. Ek moet iets doen. So, jy sien, hier is dit. Die power, die popularity, hoe kyk mense na my, hoe sien mense my, ek moet dinge kan kry om te kan lewe. Sy teorie is elke een van ons skryf en ontwikkel 'n geluksprogram. 'n Idee van wat ek nodig het om regtig gelukkig te wees het te doen met een van hierdie drie goed. En met... hulle is... party van hulle is belangriker, werk op ander maniere in elke een van ons.

En hierdie geluksprogram dryf ons, dryf ons. Dit is hoekom ek nie kan rustig raak, dis hoekom ek opgeneem word, want hoekom sal ek soveel wil insit? Want as ek meer het dan gaan ek lewe. Ek gaan agter raak as ek nie kry nie. Wat gaan hulle van my dink as ek agter...? Ek... dit is nie... dis nie wat hulle sê nie. Hulle dink jy is stupid as jy dit doen, so ek kan nie dit doen nie. Ek moet dit ook kry. Ek moet dit ook hê, dat hulle ook kan dink ek is great en ek is wonderlik, so daar is... jy weet, ons kan nie net die omgewing blameer nie. Die omgewing skep vir hom... skep vir ons vandag die perfekte geleentheid om dit te kan doen, maar dis hierdie innerlike dryfvere wat ons dryf om dit te kan doen.

En eintlik is ons journey na God toe, nê, om ons diep geluk in God te vind en nie in dinge nie, nie in mense nie, en nie in dit wat ons bereik nie. Dit is... dis soos 'n fontein op 'n plaas. Hy het baie vertakkinge wat deur die plaas loop, so daar is baie systroompies. Maar uit 'n systroompie kan jy nie baie put nie. Jy kan ook nie... sodra jy te veel water probeer pomp uit 'n systroom uit is dit modderwater. Jy moet na die bron toe gaan, na die moederbron toe waar die water vandaan kom. Daar is genoeg. Daar kan jy dit kry. Dis God. Hy gee vir ons die diepste innerlike geluk wat ons kan kry.

Natuurlik vind ons geluk in goed ook, maar dis 'n systroom uit dit wat Hy geskep het, uit dit wat Hy vir ons gee, en die mense in ons lewens, en die liefde wat ons deur hulle ervaar, en ons ervaar iets van Sy liefde daardeur, maar wanneer ek te veel water begin pomp uit 'n systroom uit raak dit modderwater, dan vind ek dit nie meer nie. So dis nie dat hierdie ander goed verkeerd is nie; dis net dat dit te belangrik raak. Dis net dat ons te veel wil hê, dis... te veel sien in dit wat dit vir ons nie kan lewer en vir ons kan gee nie, en dis deel van ons geestelike reis om uiteindelik op 'n plek te kom waar ek sê, my geluk vind ek in U. My sekuriteit vind ek in U. Dis wat U van my dink. Dis

Page 10 of 13



mosaïek

daniellestraat, fairland 2030

posbus 1656, fairland 2030

t: 011 268 4700

f: 011 268 4800

info@mosaïek.com

www.mosaïek.com

wat U van my sê. Dis uiteindelik... dis 'n geestelike mens, en dis die reis waarop ons is in hierdie wêreld. Het jy hoegenaamd 'n bewussyn? Jy ontwikkel dit deur net bewus te raak van die gedagtes, van dit wat in jou innerlike wêreld aan die gang is. Kyk daarna. Neem dit waar.

Maar dan sê Dawid ook, ek het dit laat gaan. Ek hou nie vas aan dit nie. I am not trying to rule the roost anymore. Ek het dit laat gaan. Kan jy dit waarneem, dit voel, en dit net laat gaan? Soos 'n boot wat oor die bewussyn, die rivier van jou bewussyn vloei sien ek dit, maar ek gryp nie aan die boot en ek hou vas aan die boot nie. Ek laat net die boot gaan, al is dit 'n groot fregat, 'n oorlogkip wat bewe en laat alles so laat... en die geraas. Ek is so emosioneel, ek is so opgeneem hiermee, kyk ek net daarna en ek laat dit gaan. Ek laat gaan my behoefte om te beheer. Ek laat gaan my behoefte om vas te hou en te besit. Ek laat gaan my behoefte aan erkenning en my lewe te gee sodat jy moet dink ek is okay en ek is all right. Ek laat dit gaan.

Derde belangrike ding: Hy sê Hy is net. Ek is soos 'n kind wat by sy moeder is, 'n gespeende kind by sy moeder. 'n Ongespeende kind; slegte nuus vir baie ma's. As hulle jou so soek gaan dit baiekeer nie oor jou nie. Dit gaan oor wat jy vir my kan gee. Ek het melk nodig. Maar Dawid sê ek probeer nie nou alles uitfigure nie. Ek is nou nie meer opgeneem met wat ek wil hê en wat... ek is net by U. En 'n ou kerkvader het gesê, dit is rus. Dis rus. Ek laat... al hierdie behoeftes en gedryf en alles laat ek nou gaan en ek rus net in God.

Dis anderster as om net te rus. Dis 'n dieper, groter vorm van rus. Die ou kervader, Egregorius [?] in die sesde eeu het so opgewonde hieroor geraak. Hy het gesê dis die diepste en die grootste rus waarin jy kan gaan. Dit het 'n effek op jou fisiese lyf, net soos wat spanning 'n innerlike... dis 'n interpretasie van goed wat gebeur, nê. Jis, dit het gebeur. Ek kan nou sien dit gaan gebeur. Wat gebeur met jou? Jou pupille vergroot, jou hartslag versnel, jou mond droog op, jou spysverteringstelsel stop want jy moet nou... jy moet nou veg. Bloed vloei na die groot spiergroepe toe in jou liggaam, gaan nie na ander plekke toe waarheen dit moet gaan in jou liggaam nie.

Page 11 of 13



mosaïek

daniellestraat, fairland 2030

posbus 1658, fairland 2030

t: 011 268 4700

f: 011 268 4800

info@mosaïek.com

www.mosaïek.com

En baie van ons is in daardie permanente staat. Dis wat stres is. Jy is nie gemaak om daar te bly nie. En wat doen dit aan jou? Ek is op. Dit het 'n fisiese... ek kan siek raak daarvan. Die eerste ding is my immuniteit gaan. Dan is ek baie vatbaar vir verkoue of enige griep, enige ding wat in die lug is. Maar die teenoorgestelde kan ook met my gebeur in my binneste. As ek hier laat gaan en ek ontspan en ek rus dan het 'n hele effek die teenoorgestelde, fisies, in my liggaam. Dis hoekom 'n geskrif uit die 14de eeu, The Cloud of the Unknowing, sê dat as jy na hierdie plek toe gaan van rus, verby denke, net om te wees by God, gaan jy van al jou kwale genees word.

Wat 'n insig uit die Middeleeue uit, voor die ontwikkeling van ons diepe insig, voordat hulle geweet het van kieme, voordat hulle geweet het van enige iets. Dit het 'n fisiese effek op jou liggaam, dan skuif jou bewussyn. Dis 'n rus, maar iets groots gebeur innerlik met jou. Hy sê, ek is soos 'n kind by sy moeder. God het ook 'n Moeder kant. Hy is nie net ons Vader nie. Hy is ook ons Moeder. Hy het 'n embarmende, versorgende, veilige, koesterende effek en aspek as jy saam met Hom is en in Sy teenwoordigheid, net by Hom is. Dis 'n skuif wat in jou plaasvind van wie is Ek, wie is God. Dis om met 'n nuwe bewussyn in die wêreld in te gaan, so jy kom... van daardie plek af gaan jy nou in die wêreld in.

En ons kan nie die wêreld verander nie. Ons kan nie die besige... die tempo verander nie. Maar ek kan op 'n ander manier teenwoordig wees in hierdie tempo. En om daar te bly, en op hierdie nuwe manier, moet ek dikwels hiernatoe teruggaan. So dalk is Dawid se groot vraag vandag nie, glo jy in Jesus nie, het jy Jesus aangeneem nie. Volg jy Jesus? Is Sy lering vir jou belangrik? Is sy idees oor die lewe belangrik vir jou? Dis dalk 'n groter vraag. Hoe honger is jy? Hoe glo jy in Hom? Wie beheer jou lewe? Wie se idees beheer... op wie se idees bou jy jou lewe? Is ons meer as aangetrek, honger, om te sê ek wil? En ek wil teen die kultuur van ons tyd gaan, teen die kultuur van ons tyd. En ek wil 'n regula ontwikkel, en ek besef dadelik ek kan dit nie alleen doen nie.

Daar is ander mense wat hierdie roete en hierdie pad beter ken as ek. Hulle is... hulle het hierdie pad al geloop. Hulle weet wat dit is om soontoe te gaan, en hoe wonderlik is dit nie om darem so nou en dan sulke mense te ontmoet

Page 12 of 13



mosaïek

daniellestraat, fairland 2030

posbus 1658, fairland 2030

t: 011 268 4700

f:011 268 4800

info@mosaïek.com

www.mosaïek.com

nie, wat vir jou sê jy is nie mal nie. Jy is nie koekoes nie. Gaan aan. Hou aan. Dit is daar. Leef, vat dit, gaan na dit toe. Ons het mekaar nodig om ons stories te kan deel van hierdie innerlike wêreld en hierdie reis, en om mekaar aan te moedig en ook daardie belewenis en ervaring te hê van rus, van wees, van 'n bewussyn wat skuif, en op 'n ander manier teenwoordig te raak en te wees in hierdie wêreld. Soveel gebeur met ons. Dis die uitnodiging.

Kom ons bid saam. Vader, dankie dat ons vanmôre hier kan saam wees. Dankie dat U met ons is en dat U ons ken, en dankie vir U Woord wat 'n lig is vir ons pad. Help ons om te sien. Help ons om diep in te sien in U woorde, maar help ons om ons lewens ook te kan sien. Help ons om die ou storie met ons storie te connect en bymekaar te kan uitbring. En help ons om in die nuwe storie, U storie, te kan begin inleef. Ek dank U daarvoor. Dankie vir die verligte oë van verstand, vir die insig, vir die honger, vir die begeerte, vir die moed, vir die hoop van 'n nuwe lewe en 'n ander manier van lewe. Ek dank U daarvoor, Vader, in die naam van Jesus, amen.

In hierdie week is die vrede van die Here Jesus met elke een van julle, amen.